

Pinksterboodskap: 27 Mei 2020
Openbaring 2:18-29

Wanneer is 'n vriendskap met iemand anders ongesond? Dit is wanneer jy die goeie en persoonlike beginsels waarvolgens jy graag wil leef begin aanpas om iemand anders tevrede te stel. Jy is bang vir verwerping, so jy gee maar toe. Dan verloor jy iets van jou identiteit en dit waarvoor jy staan. Dit is die dilemma waarmee die gemeente in Tiatira te doen gehad het. In hulle geval was dit 'n saak van finansiële oorlewing. Moet hulle, soos die gemeente in Smirna, weier om mee te doen aan die heidense kultuur en gevolglik in armoede verval en vervolgt word? Of moet hulle probeer om die Christelike geloof meer aanvaarbaar te maak vir die wêreld, deur hier en daar bietjie toe te gee en boonop vervolging vry te spring? Die verrassende ding is dat die bedreiging vir die gemeente hierdie keer nie van buite gekom het nie, maar vanuit hul eie geledere.

Maar eers iets meer oor die stad, Tiatira. Dit was in 'n vallei geleë, ongeveer 60km suid-oos van die hoofstad, Pergamum. Dit was nie juis 'n baie mooi of belangrike stad nie en vanweë die ligging in die vallei was hulle baie kwesbaar vir vyandelike invalle. Daar was geen natuurlike beskerming vir die inwoners nie. In die stad was daar 'n Romeinse garnisoen wat die stad moes verdedig en ook die pad vir vyandelike magte na die hoofstad moes blokkeer. Met verloop van tyd het daar 'n sterk vervaardigingsbedryf ontstaan. Daar was mense wat met wol handel gedryf het, kleremakers, leerlooiers, pottebakkers en verskeie ander ambagte en handelaars. Ons lees byvoorbeeld in Hand.16:14 van Lidia, 'n sakevrou wat met pers wolmateriaal handel gedryf het en wat van Tiatira afkomstig was. Sy het in Filippi tot bekering gekom toe sy na Paulus se prediking geluister het.

Wat weet ons van die gemeente in die stad? Dit het eintlik met hulle baie goed gegaan. Die Here prys hulle oor dinge waarvan enige gemeente maar kan kennis neem (vers 19):

Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.

Ja, dis uitstaande kenmerke, en daar is boonop groei - dit gaan beter as voorheen. Waar die gemeente van Efese so gesteld was op die waarheid en in die proses die liefde vir mense verloor het, was dit by Tiatira net mooi andersom. Hierdie gemeente was betrokke in die samelewing met liefdevolle diens, getuienis en hulpverlening. Verder het hulle volhard in die geloof.

Tog is daar ernstige kritiek teen die gemeente. Waar die gemeente in Efese ten minste seker gemaak het dat geen dwaalleer verkondig word nie, is dit in Tiatira wel toegelaat, met hartseer gevolge. Om dit beter te begryp moet ons die historiese agtergrond in gedagte hou.

Die verskillende bedrywe in die stad het, soos dit ook in ander stede die geval was, hulself deur middel van gildes of vakbonde georganiseer. Elkeen het 'n beskermgod gehad wat die sukses van die bedryf moet verseker. Jy moet, as werknemer, daardie god aanbid en offers bring. Daar was ook gereelde feeste ter ere van die beskermgode, wat gewoonlik met uitspattige partytjies en onsedelikheid gepaard gegaan het. Dit het 'n enorme druk op die Christene geplaas. As hulle nie aan die feeste deelneem nie, kan hulle nie opgang maak na 'n hoër posisie met beter inkomste nie. Verder kon hulle die reg verloor om in daardie spesifieke arbeidsveld produkte te vervaardig of daarmee handel te dryf. Dit sou natuurlik tot groot finansiële probleme lei. Hoe sal hulle ooit 'n bestaan kan maak as hulle uit die ekonomie geskuif en geïsoleer word? Die versoeking was groot om, ter wille van materiële redes, mee te doen aan heidense praktyke, al kan dit glad nie met die Woord van die Here vereenselwig word nie. Dit is soos wat daar oor korrupsie en omkoperij gesê word: Jy kan nie iets gedoen kry as jy nie 'n geldjie onder tafel vir iemand gee nie! In hierdie geval sou dit geestelike korrupsie wees.

Daar was 'n profetes in die gemeente wat gereken het dat sy 'n baie goeie oplossing vir hierdie dilemma het. Sy word Isebel genoem. Die naam word hier waarskynlik simbolies gebruik omdat dit 'n baie slegte geskiedenis van die volk van God verteenwoordig. Ons leer haar ken in 1 Konings 16:31. Sy was die dogter van 'n heidense koning en het met koning Agab van Israel getrou. Deur haar toedoen is baie Israeliete verlei om, onder die dekmantel van godsdiens, afgode te aanbid en onsedelike feeste te hou.

Wat was die aard van haar dwaalleer? Sy het geleer dat 'n Christen maar rustig aan die vakbonde kan behoort. Christene weet mos dat die heidense gode van die vakbonde niks beteken nie. Daar is tog net een God; die God van Israel. Jy kan offers bring aan die gode, solank jy net nie in hulle glo nie. Jy kan deelneem aan die feeste en onsedelik verkeer, want dit is tog net liggaamlike dinge. Dis skadeloos. Solank jou siel veilig is. Wat jy met jou liggaam doen het geen invloed op jou siel nie. Dit is tipies Griekse denke, wat 'n onderskeid tussen siel en liggaam gemaak het.

Dit was natuurlik 'n baie goeie oplossing, want nou kan jy 'n Christen wees en 'n goeie besigheid doen! In Smirna het die Christene te eng opgetree, en kyk net hoe swaar moes hulle ly. Nou was dit nie nodig nie. Jy kon steeds sosiaal aanvaarbaar bly vir mense. Jy kon jou ideale bereik. Dis wonderlik - jy kry dit reg om die evangelie te laat pas by wat vir jǒu pas! Boonop kan jy maar toegee aan jou sondige begeertes.

In plaas daarvan dat die kerk die wêreld beïnvloed het, is die invloed van die wêreld die kerk ingedra. Dit gebeur maklik as jy die kerk vir mense probeer aanvaarbaar maak. Ons kan dalk gewild by mense wees, maar onaanvaarbaar vir God.

Daar word in v.24 ook verwys na die "diep geheimenisse van die Satan." Jy moet soek na dieper, geheime kennis wat jou op 'n ander, hoër geestelike vlak bring. So asof dit wat die Here deur sy Woord aan ons geopenbaar het, nie voldoende vir ons lewe is nie. Agter dit sit 'n valse denke dat Jesus se verlossing nie genoeg is nie. Hy kan jou nie met al jou probleme help nie. Dit is sekerlik die grootste seer wat ons aan God se hart kan doen.

Gelukkig is daar 'n groep in die gemeente van Tiatira wat nie met hierdie vals leer saamgaan nie. Die Here sê vir hulle inv.24,25: *"Ek lê op julle geen ander verpligting nie; hou net vas wat julle het, totdat Ek kom."* Met ander woorde, in Christus het hulle het reeds alles ontvang, hulle hoef niks meer te soek nie. In Jesus het hulle alles wat nodig is vir 'n sinvolle en blymoedige bestaan. Al wat hulle hoef te doen is om eenvoudig voort te gaan om getrou aan Hom vas te hou en uit te sien na sy wederkoms.

Die brief word afgesluit met 'n belofte wat sterk verband hou met die manier waarop Jesus Homself bekend stel in v.18. *"So sê die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam en wie se voete soos geelkoper is."* Hoekom noem Hy Homself so? In Tiatira is Apollo, die seun van die Griekse god, Zeus, as 'n magtige godheid vereer. Daarteenoor is die troos vir die Christene dat Jesus, die Seun van God, oor alle mag beskik. Baie meer as die seuns van afgode. Almal wat tot aan die einde toe volhou om te doen wat die Here sê, sal saam met Jesus die oorwinning vier.

Vriendskap met die wêreld? Nee, wat 'n Vriend het ons in Jesus!

Gebed

Here Jesus,

U sien dwarsdeur my en weet alles wat ek doen. U ken my gedagtes en my begeertes.

Vergewe my waar ek u Woord nie ernstig genoeg opgeneem het nie en verkeerde keuses gemaak het.

Help my om tot die einde toe vol te hou met wat U wil hê.

Met 'n afgod wil ek niks te doen hê nie. Leer my om U soos 'n kind te vertrou.

Aan U behoort die krag en heerlikheid tot in ewigheid. Amen